



# Lied 454: 1

Vader, ons eer U,

ons loof U, ons aanbid U.

U wat heel die skepping onderhou,

U gee son en reën, ons ontvang u seën.

Heel die skepping wentel om u trou.

# L 454:2

Jesus, ons eer U,

ons loof U, ons aanbid U.

Ons is u gemeente hier tesaam.

Hoor ons as ons sing,

U ons loflied bring.

Ons, u vrygekooptes, prys u Naam.

# L 454:3

Trooster, ons eer U,

ons loof U, ons aanbid U.


Heil'ge Gees, ons is met U gedoop.

U wat rig en lei,

staan ons altyd by.

U versterk ons gees, U gee ons hoop.


Dankoffers



# Markus 9:30-37

# Lied 442: 1

Gees van God wat in my woon,
breek die Woord vir my.
Gees van God wat in my woon,
kom en heilig my.
Troos my, sterk my, leer my, lei my.
Gees van God, kom heilig my -
breek die Woord vir my.

# L 442:2

Gees van God wat lewend maak,

vul my meer en meer.


Gees van God wat lewend maak,

vorm my tot u eer.

Troos my, sterk my, leer my, lei my.

Gees van God, vul my al meer -

vorm my tot u eer.



# Markus 9:30-37

30. Toe het hulle daarvandaan weggegaan en deur Galilea gereis. **Jesus wou nie hê dat iemand anders dit te wete moes kom nie.** 31. Hy het sy dissipels geleer en vir hulle gesê: "*Die Seun van die mens word in die hande van mense oorgelewer, en hulle sal Hom doodmaak; en drie dae nadat Hy doodgemaak is, sal Hy opstaan.*" 32. Hulle het dit nie verstaan nie, maar hulle was te bang om Hom daaroor uit te vra.


33. Toe hulle daarna in Kapernaum by die huis kom, het Hy vir hulle gevra: "*Waaroor het julle langs die pad geloop en praat*?" 34. Hulle het egter niks geantwoord nie, want hulle het langs die pad **met mekaar gestry oor wie van hulle die belangrikste is.** 35. Jesus het gaan sit en die twaalf geroep. Hy sê toe vir hulle: "*As iemand die eerste wil wees, moet hy die heel laaste en almal se dienaar wees.*" 36. Toe het Hy 'n kindjie geneem en hom tussen hulle laat staan. Hy het sy arm om hom gesit en vir hulle gesê: 37. "*Elkeen wat so 'n kindjie in my Naam ontvang, ontvang My; en elkeen wat My ontvang, ontvang nie net vir My nie, maar ook vir Hom wat My gestuur het.*"


Voel jy ook dikwels magteloos?

# Hoekom voel ‘n mens magteloos?




Dissipels van Jesus was magteloos
Magteloosheid NB rol in die koninkryk


Jesus was konstant besig om dissipels te onderrig oor sy koninkryk


Ons teks begin by ‘n stryery
onder die dissipels

# Jesus bied ‘n aanskouingsles vir sy dissipels en ons aan



# Hoe werk status in die wêreld?

Hoër rang beteken hoër status



# Hoe werk status in die koninkryk?

Laer rang beteken
hoër status

Geroep om te leef
met status van kind

Tevredenheid met posisie – hoë status by God



# In wêreld meer mag gekoppel aan hoër status

In die koninkryk status nie aan mag gekoppel

Status gekoppel aan die vermoë om sonder mag op te tree



# In koninkryk...

Leef asof jy beperkte mag het om jouself te laat geld – bv.

Toets – hoe hanteer ek ander sonder mag

Leiers in die koninkryk – nederige dienaars  wat dien



# Nuwe waardestelsel vorm nuwe mense

Onontbeerlik vir
die koninkryk

Hoe maak ons kinders
anders groot?

Ons taal, ingesteldheid moet verander




Voel jy ook dikwels magteloos?


God se plan keer ons &
ons wêreld op sy kop – van
magteloos tot doelgerig lewe



# Gebed

# Lied 284: 1

**Laat Heer u vrede deur my vloei**

**Waar haat is, laat ek daar liefde bring.**

**Laat ek in pyn en**

**smart vertroostend wees**

**En krag gee deur geloof in U, o Heer**

***Refrein***

***O Heer, help my om altyd so te leef –***

***om ander hoër as myself te ag,***

***Ja, om lief te hê – ander bo myself –***

***en ook eerder te gee as te verwag.***

# L 284:2

Laat Heer u vrede deur my vloei

en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.

Ek wil u lig in duisternis laat skyn.

Laat ware vreugde altyd uit my straal

## *Refrein*

***O Heer, help my om altyd so te leef –***

***om ander hoër as myself te ag,***

***Ja, om lief te hê – ander bo myself –***

***en ook eerder te gee as te verwag.***


L 284:3
Laat Heer u vrede deur my vloei…
Leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien.


Seën